



Vir my pa, Jan Nel  
en my broer, Phillip Nel.

Vir hulle was die liefde vir 'n motorfiets nog  
altyd baie naby aan die liefde vir 'n vrou.

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel. 012 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za  
© Tekst: Zelda Bezuidenhout 2019

Geset in 12,5 pt op 16 pt MinionPro  
Omslagontwerp deur Zinelda McDonald  
Grafiese uitleg deur Full Circle  
Gedruk en gebind deur CTP Drukkers, Kaapstad

Eerste druk 2019

ISBN 978 0 7993 9584 6

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag  
op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike  
toestemming van die kopiereghouers nie.

Die  
6 WEKE  
VAN  
Thomas  
& Ella

ZELDA BEZUIDENHOUT

LAPA Uitgewers  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)



# Ella

Iets voel nie heeltemal reg nie. Ella kyk na die fyn haartjies op haar arms wat soos oorywerige soldaatjies regop staan. Vir die hoeveelste keer in haar lewe wens sy dat sy nie die gawe van voorgevoel gehad het nie.

Sy sit nou al hóé lank in die skoolkoshuis se voorportaal en wag vir haar pa se chauffeur. Oom Stanley is gewoonlik vreeslik stiptelik. As hy dink hy gaan 'n bietjie laat wees, kry sy altyd 'n oproep of selfoonboodskap. Op laerskool het haar maats gedink dit is uiters cool dat sy Hollywood-styl by die skool op- en afgelaai word deur haar pa se persoonlike chauffeur. Maar teen die tyd dat sy hoërskool bereik het, het dit iets geword waaroor sy skaam was. Daarom het sy begin om dertig minute by te jok wanneer sy met koshuisnaweke of aan die einde van die skooltermyn opgelaai moes word. Só het sy seker gemaak dat oom Stanley daar aankom lank nadat die ander meisies reeds weg is. Die paar kere wat haar maats wel gesien het hoe hy met sy verspotte wit handskoene vir haar die deur van haar pa se Bentley oopmaak, het sy gewens die aarde wou haar insluk.

Ella kyk desperaat na die horlosie in die voorportaal. Dis nou al amper 'n uur vandat die skool gesluit het en daar's steeds geen teken van oom Stanley nie. Die skoolterrein is verlate. Dis nog net juffrou Deale,

die koshuismoeder, wat met die uittekenboek voor haar sit en Solitaire speel op haar foon. Ella sit soos 'n vergete weeskind tussen haar tasse, twee verlepte potplante en wasgoedsak op die enigste bankie in die verbeeldinglose vertrek. Elke keer as juffrou Deale opkyk van haar foon, glimlag Ella verskonend vir haar.

“Het jou mense dan van jou vergeet, Elena?” Juffrou Deale se dungeplukte wenkbroue vorm twee yl bogies bokant haar bril.

“Ek dink darem nie so nie, Juffrou. Die verkeer is seker maar net sleg van Johannesburg se kant af omdat die meeste skole vandag vir die Kersvakansie sluit.”

Juffrou Deale draai haar uitpeulogies stadig terug na haar foonskerm. Sy lyk vir Ella soos 'n verkleurmantjie.

Vir die soveelste keer staan sy op en stap buitentoe om te kyk of haar pa se kar nie dalk met die oprit aangery kom nie.

Hoekom is die laaste dag van 'n skooljaar altyd vir haar so 'n bittersoet affêre?

Dit maak nie saak hoe baie sy die vroeg opstaan, die simpel koshuisreëls en veeleisende onnies verpes nie, sy voel altyd 'n bietjie hartseer en bang so vlak voor die langste vakansie van die jaar.

Vroeër vandag, terwyl haar maats om haar gegiggel en gegons het oor hulle vakansieplanne, het 'n harde balletjie ys in die kelderverdieping van haar maag begin vorm. Want 'n Desembervakansie is soos daai één geskenk onder die Kersboom wat mens nie raak geraai

kry nie. Die een met die eenaardige fatsoen, haastig toegedraai in bruinpapier, met jou naam in viltpen daarop geskryf in 'n handskrif wat jy nie herken nie. Jy is opgewonde daaroor – natúúrlik is jy. Maar jy is ook 'n bietjie bang. Sê nou dit is iets wat jy nie eens vir jou grootste vyand sou koop nie? 'n Troetelslang of 'n gril-oranje fondestel uit die sewentigerjare, omdat almal weet jy hou van retro?

Hoe meer Ella van haar maats se vakansieplanne gehoor het, hoe donkerder het haar gemoed geword. Diana het opgewonde vertel van haar vakansiewerk by haar tannie se boetiek in Pretoria. Deel van haar vergoedingspakket sal vyftig persent afslag op enigiets in die winkel wees. Portia en haar sussie gaan Amerika toe om vir haar broer in Boston te gaan kuier. Antoinette en haar gesin vertrek oor 'n paar dae na die Suidkus vir 'n vakansie in hul geliefde ou karavaan met die naam Mathilda. Almal se vooruitsigte het vir haar so opwindend geklink.

Vroeër vandag het Diana gevra: “En jy, Ella? Wat doen die Van der Spuys vir Kersfees? Londen? Rome? New York? Sommer al drie?” Haar vriendin se hande het wild rondgefladder terwyl sy Ella se onmoontlik glansryke bestaan gevisualiseer het. Ella was nog nooit seker of hierdie soort opmerkings van haar maats 'n klein stekie afguns ook bevat nie, en daarom gee sy hulle maar altyd die voordeel van die twyfel.

“Die Van der Spuys het soos gewoonlik nie planne nie. Ek wonder of my pa besef dis Kersfees. My ouma

sal seker darem kom kuier.” Ella kon die selfbejammering in haar eie stem hoor en het sommer vir haarself gegril. “Maar ... ouma Tes maak die heel lekkerste Kersfeeskoekies. Ons sal seker ’n paar dae saam daaraan bak. Dit sal die hoogtepunt van my vakansie wees, glo my.”

Die groepie meisies om Ella het haar ongelowig aangekyk. Hulle is al gewoond aan haar manier om haar lewe af te skaal sodat dit beter by haar maats s’n pas.

“Yeah, right,” het Portia gesê. “And between all this baking of soetkoekies, you’ll just happen to attend a royal wedding or go sailing with Harry Styles.”

“Ja,” het Antoinette beaam. “En ons sal jou foto in die nuwe *Hello!* sien.”

“Waar jy cocktails drink saam met royals en rock stars,” het Diana dramaties bygevoeg.

Min weet haar maats dat haar grootste begeerte is dat haar lewe meer soos hulle s’n kan wees. Om deel van ’n groot, liefdevolle gesin te wees. Met ’n pa wat huis toe kom vir aandete en ’n ma wat daardie aandete kook.

Terwyl haar vriendinne voortgeborduur het op die leefstyl van rykes en beroemdes, het sy by die venster uitgestaar na die ry motors wat in die nat straat voor die skool se hoofingang begin ophoop het. In daardie motors was ouers wat nie kon wag om hulle dogters op te laai vir ses salige weke van rus en saamwees nie.

Die mistroostige somerreëntjie wat al van vroegoggend af begin val het, het haar hart nog swaarder



gemaak. Al wat hierdie onheilspellende toneeltjie kort, het sy gedink, is die openingsklankbaan van Stephen King se fliëk *The Shining*.

Dit was vanoggend, maar dit voel soos 'n leeftyd gelede. Want hier staan sy nou en uitkyk oor die verlate skoolgrond: poor little rich girl, die laaste meisie in die skool om opgelaai te word op die laaste dag van haar graadelfjaar.

Juffrou Deale gee 'n sug wat so oordrewe is, dat Ella dit kan hoor waar sy op die koshuisstoep staan. Die skool het twaalfuur gesluit en dis al ver verby eenuur. Ella stap weer die donker voorportaal binne.

“As Juffrou wil gaan eet, kan ek Juffrou roep as ek moet uitteken,” bied sy aan.

Die koshuismoeder pers haar lippe saam en kyk Ella woordeloos aan. Dan draai sy haar kop weer terug na haar foonskerm.

In die stilte wat op Ella se voorstel volg, hoor sy die onmiskenbare gedreun van haar pa se Bentley.

Soos blits is sy by die voordeur. Haar oë volg die gruispad tot by die skool se hoofhek. Die slankbelynde silwer motor kom deur die hek gery. Uiteindelik, dink Ella verlig. Oom Stanley is hier.

Sy begin haar goed uitdra en betrap haarself dat sy tóg 'n bietjie opgewonde voel. Oom Stanley Munetsi is een van haar gunstelinggrootmense. Hy ry haar al rond vandat sy 'n klein dogtertjie was, en vertel altyd die mooiste stories oor sy kinderdae in Zimbabwe. Dalk kan sy hom oortuig om by Nando's se drive-thru aan te

gaan vir ekstra warm peri-peri-hoendervlerkies voordat hulle die pad huis toe vat. Sy gryp heel eerste haar enorme sak wasgoed, so vol gestop dat sy die koord aan die bokant nie heeltemal kon toetrek nie. Toe die motor met sy getinte ruite voor die koshuisgebou stilhou, staan sy al met 'n breë glimlag en wag, haar mensgrootte wasgoedsak slap in haar arms soos 'n lyk in 'n ritslose body bag.

Dan swaai die bestuurdersdeur oop. Iemand spring entoesiasies uit en stap om die kar om haar te kom groet. Haar brein registreer 'n paar dinge, in hierdie volgorde:

1. Oom Stanley beweeg mos nie só vinnig nie?
2. Dis nie oom Stanley nie.
3. Dis ook nie haar pa of enigiemand wat sy ken nie.
4. Dis 'n jong man in 'n baie lelike pak klere.
5. Die pak klere is lelik, maar die ou is beslis nié.

“Ella van der Spuy?” vra hy onseker en steek sy hand na haar uit.

Ella skrik so dat sy die wasgoedsak laat val. Die boonste items – toevallig onderklere – tuimel uit, en 'n pienk bra gaan lê mooitjies op een van die ou se tekkies. Sy voel hoe 'n warm gloed haar wange rooi verf.

“Haai,” sê die jong man onbeholpe. “Is jy Ella? Ek is Thomas. Ek het jou kom haal.” Hy sien hoe sy geskok na sy een voet staar. “Jammer oor die tekkies saam met die pak klere. Alles het vanoggend baie vinnig gebeur.” Toe hurk hy om die wasgoed op te tel.

Ella duik blitsvinnig af om voor hom by haar fyn-  
goed uit te kom. Sy gryp die spookasempienk bra wat  
op sy skoën lê net betyds en druk dit diep in die oorvol  
sak.

“Ek is Ella, ja,” sê sy. Sy voel terselfdertyd geïrriteerd  
en verleë. “Waar is oom Stanley?”

“In die hospitaal,” sê Thomas. “Hy het vanoggend ’n  
hartaanval gekry. Ek’s regtig baie jammer.”

Ella word yskoud. So dís wat sy nog die hele dag aan-  
voel. Oom Stanley Munetsi is vir haar soos ’n vriend,  
’n gunstelingfamilielid en vertroueling alles in een mens  
gekombineer.

“Gaan hy oukei wees?” vra sy, net om dadelik vies te  
wees vir haarself. Hoekom vra sy die simpel ou in die  
skreulelike pak hierdie vraag? Hoe op aarde sal hy  
nou weet?

“Ek weet regtig nie. Hy is in die intensiewesorgeen-  
heid. Jou pa wou jou nie oor die foon daarvan sê nie.”

Nou moet sy dit van ’n totale vreemdeling hoor,  
dink Ella. Dit is so tipies van haar pa. Sy voel hoe trane  
agter haar oë begin brand.

“Ek het geweet iets slegs het gebeur. Arme oom  
Stanley. Sal ek hom kan sien?”

“Ek neem so aan.” Thomas laai die wasgoedsak in  
die kattedak. “Het jy nog goed, Ella?”

Ella knik net met haar kop in die rigting van die  
koshuis se voordeur en hulle stap in stilte die gebou  
binne.

“Maar dis nie meneer Munetsi nie,” sê juffrou Deale

agterdogtig toe Thomas saam met Ella inkom. “Wie teken jou vandag uit, Ella?”

Nou gaan dít ook weer ’n hele gedoente wees, dink Ella moedeloos. Die uittekenprosedure by Huis Gousblom is erger as lughawesekuriteit.

“Ek het ’n brief van Ella se pa,” sê Thomas en haal ’n koevert uit sy baadjiesak.

Ella is beïndruk met die ou se doeltreffendheid, ondanks die pak klere wat lyk asof hy dit tien jaar gelede vir ’n begrafnis gekoop het en nooit weer aangepas het nie. Sy kan sweer sy ruik mottegif.

Die brief stel juffrou Deale tevrede en sy gee die boek vir Thomas sodat hy vir Ella kan uitteken. Saam saam dra hulle die res van die bagasie kar toe.

Toe alles ingelaai is, vra Thomas ’n bietjie verleë: “Is hier ’n toilet wat ek kan gebruik?”

Ella wys met haar hand in die rigting van die voorportaal en gaan sit op die motor se agtersitplek. Sy sit gewoonlik langs oom Stanley tydens hierdie ritte tussen haar huis en skool, maar sy gaan sowaar nie langs ’n vreemde ou sit en praatjies maak al die pad huis toe nie. Sy haal haar selfoon uit en skakel haar pa se kantoor nommer. Die kans dat hy met haar sal kan praat, is omtrent nul. Maar sy persoonlike assistent sal dalk ’n paar vrae kan beantwoord.

Toni-Lee van Tonder antwoord haar baas se foon met haar kenmerkende kalm, professionele stem, iets tussen ’n lugwaardin en ’n joga-instruktrise. “Dirk van der Spuy’s office, good afternoon, goeiemiddag.”

“Toni-Lee, is my pa daar?”

“Hallo, Ella. Nee, skat, hy is by die nuwe fabriek. Kan ek jou met iets help?”

“Ek is bekommerd oor oom Stanley. Ek hoor hy het ’n hartaanval gehad.”

“Ja, shame, dit gaan nie goed met hom nie. Hy is in die intensiewesorgeenheid en hulle hou ons op die hoogte. Het die nuwe outjie jou kom oplaai?”

Ella kyk na die koshuis se voordeur. Die nuwe outjie gaan seker enige oomblik daar uitstap.

“Ja, wat is die storie met hom? Waar kom hy vandaan?” vra sy ’n bietjie suur. As daar een ding is waarvan Ella glad nie hou nie, is dit verrassings.

“Jong, ek is nie seker nie. Ek dink dis een van die werkswinkelbestuurders se seun. Pas matriek geskryf en het vakansiewerk gesoek. Maar jou pa het hom self aangestel vanoggend. En jy weet jou pa doen nie so iets sonder deeglike navorsing nie. Jy kan die ou maar vertrou, Ella. Hy kan glo ongelooflik goed motor bestuur.”

Ella rol haar oë. Dit is altyd vir haar pa ’n welkome uitkoms om sy pligte teenoor haar op iemand anders af te skuif – ongeag hoe oud die persoon is of hoeveel verantwoordelikehidsin hy het.

Toe Thomas agter die stuur inskuif, draai hy in sy sitplek om. “Is jy oukei?” vra hy. “Kan ons maar ry? Wil jy na iets spesifieks luister?”

Ella sien dat hy sy selfoon by die motor se USB-poort ingedruk het.

“Nee wat, dankie,” sê sy nors. “Ek het my eie musiek.” Sy vroetel in haar skooltas vir haar oorfone. Toe sy dit nie kry nie, sug sy hardop. Nou sal sy seker met hom móét praat.

“Kan ek vir jou stop vir koeldrank of iets? Het jy al geëet?” Hy kyk vir haar in die truspieëltjie. Sy oë is blougroen, soos seewater net mooi daar waar ’n brander begin omkrul. Hoekom dink sy nou aan branders? Dit is die simpel meisieskool waarin sy is. Ouma Tes sê altyd so ’n klomp vroumense bymekaar dink later mans is baie meer spesiaal as wat hulle eintlik is.

“Ek is oukei,” sê sy kortaf. En dan as nagedagte: “Dankie.”

Die oë in die truspieëltjie glimlag vir haar. Sy kyk vieserig weg. Sy hou net mooi niks van die hele ongemaklike spul nie. Sy mis vir oom Stanley. Hoe oud is hy nou? Wat as hy doodgaan? Hy is soos familie. En dis iets waarvan sy bitter min het. Sy voel hoe die emosie in haar keel opwel. Sy probeer dit wegsluk.

Die Bentley sluit aan by die verkeer op die N1-snelweg Johannesburg toe. Bloemfontein gaan binnekort net ’n paar lae rantjies in die agterruit wees as sy kyk hoe Thomas die twaalfsilinder-enjin deur sy passies neem. Die ratte verwissel seepglad en hy hanteer die motor soos iemand wat al sy hele lewe lank bestuur. Sy kan sien hoe hy hom verlustig in die krag wat hy vandag tot sy beskikking het en dit irriteer haar. Sy wil vir hom sê: “*Dis my pa se kar. Moenie so windgat wees nie.*” Maar sy bly liever stil en tik vir ouma Tes ’n boodskap.

*Ek's op pad huis toe. Wanneer kom Ouma kuier?*

Haar ouma se boodskap kom dadelik deur.

*Ek's al hier. Ouma wag vir jou, my kind.*

Die goeie nuus beur Ella dadelik op. Dalk moet sy tog vir die “Men in Black”-kloon vra om in Ventersburg te stop vir iets te drinke. Hy het sowaar nog die simpel swart strepiespak se baadjie aan, selfs in hierdie laat-Novemberhitte. Dankie tog vir die tweeledige lugversorging wat voor in die motor anders gestel kan word as vir die agtersitplekke. Hy het sy kant van die kar seker op die Suidpool-setting, dink sy vies.

“Thomas,” sê sy.

Hy kyk weer vir haar in die truspieël. Dis die eerste keer dat sy sy naam sê en sy blik in die spieël lyk aangenaam verbaas. “Ja, Ella?”

“Ek word nou dors. Kan ons by die volgende plek stop vir iets te drinke?”

“Ek maak so.”

Thomas trek die motor onder een van die vulstasie se afdakke in en spring uit om vir Ella die deur oop te maak. Voor hy by haar kan uitkom, staan sy reeds langs die kar.

“Jy speel seker?” sê sy effens geïrriteerd.

“Ek doen net my werk, juffrou Van der Spuy.” Dit is duidelik dat Thomas hom ’n bietjie gewip het.

“Asseblief. My naam is Ella. En ek sal self my deur oopmaak, oukei? Kan ek vir jou iets by die winkel kry?”

“Coke sal baie lekker wees, dankie.” Thomas haal ’n

sakdoek uit sy broeksak en begin een van die motor se chroomstroke blinkvryf.

Ella rol haar oë en stap by die vulstasiewinkel in.

Toe sy terugkom, is hy besig om die voorruit te was met 'n emmertjie seepwater wat hy by die petroljoggies gekry het. Sy gaan sit by 'n sementtafel daar naby en pak haar inkopies uit. Coke, lemoensap, klein pastetjies en sjokolade.

Sy kyk vir hom terwyl hy werk. Die begrafnisondernemerpak se broek is heeltemal te kort en selfs die boonste deel van sy rooi high-top-tekkies wys wanneer hy hurk om sy sakdoek weer in die emmer water te druk. Hy't darem die baadjie uitgetrek, en twee sweetkolle begin nou onder sy arms vorm. Sy hare is 'n wilde bos donkerbruin krulle. As hy pas matriek geskryf het, soos wat Toni-Lee sê, groei sy hare vrek vinnig.

“Thomas!” roep Ella vir hom. “Hoekom dra jy jou oupa se troupak?” Onmiddellik nadat sy dit gesê het, is sy spyt. Waar het dít vandaan gekom? Sy was nog nooit goed met geselsies aanknoop nie. Sy sien net nie kans om vir nóg drie uur in doodse stilte saam met hierdie irriterend-aantreklike ou huis toe te ry nie.

Ella skrik haar lam toe Thomas die sakdoek met 'n plons in die emmer water gooi en doelgerig na haar toe aangestap kom. Is hy nou kwaad? Hy gaan sit oorkant haar by die tafel, draai die botteltjie Coke oop en neem 'n lang sluk wat die helfte van die bottel leegmaak. Dan kyk hy haar vas in die oë soos iemand wat regmaak vir 'n diep gesprek.



“Dit mag jou verbaas, Ella, maar jou pa het daarop aangedring dat ek ’n pak klere dra vir hierdie werk. En ek’s jammer as ek nie soos George Clooney in die pak lyk nie. Dis my neef s’n. Ek was die ou wat met chino’s en ’n los hemp matriekafskeid toe is, oukei? Dit is nie eintlik my styl dié nie.”

Ella kyk geamuseerd na die ietwat befoeterde groenblou oë. Verbeel sy haar of het hulle pas ’n skakering donkerder geword?

“Ek neem aan jou neef se kerkskoene was nie jou grootte nie?” terg sy verder.

“Dis my gelukkige tekkies. Dit pas by alles.” Met dié rol hy sy een broekspyp ’n bietjie op om sy rooi high-tops te wys.

“En werk hulle vandag vir jou?” wil Ella ondeund weet.

“Wel ...” ’n Plooi vorm op Thomas se voorkop terwyl hy na die regte woorde soek. “Ek kry vandag die geleentheid om ’n twaalfsilinder-Bentley vir meer as agthonderd kilometer te bestuur. Ek sit oorkant ’n pragtige meisie wat vir my ’n drankie gekoop het. Wat sou jy sê, Ella van der Spuy? Ek reken hulle werk vir my.”

Ella voel hoe die rooi weer haar gesig bekruipt.

“Honger?” sê sy oplaas en hou die pakkie vleispasteitjies na hom toe uit. Sy kan aan niks anders dink om te sê nie.

*Thomas een, Ella nul*, besef sy verleë en kyk hoe Thomas ’n hele pasteitjie in sy mond druk. Daar dans duiweltjies in sy oë terwyl hy al kouend stip na haar

kyk. Simpel mansmens, dink sy. Sy draai haar kop weg en staar na die Vrystaatse vlaktes asof die kilometers boomlose veld haar diep interesseer.

“Ella! Kom nou dadelik hier dat ek jou kan opsoen,” sê ouma Tes toe haar enigste kleindogter die trappe by die voordeur optrippel met haar koshuisgoed.

Thomas het die Bentley in een van die motorhuise parkeer en wag nou by die hoofhek vir sy pa om hom te kom oplaai. Ouma Tes het vir hom koeldrank aangebied, maar hy wou nie hê nie.

“Oumie, ek is so bly jy is hier!” gil Ella en hardloop die laaste paar trappe twee-twee boontoe. Hulle gryp mekaar en doen die dansie wat hulle al doen vandat Ella ’n klein, klein dogtertjie was.

“Hoe dan anders? Ek kan jou mos nie ’n hele maand lank alleen in hierdie kasarm van ’n huis los nie. Ons weet albei jy sal gelukkig wees as jy jou pa ’n uur per dag te siene kry. Maar ons gaan pret hê, ek en jy.”

“Jippie,” sê Ella en kyk af na die klein vroutjie met die groot boesem. Haar ouma laat haar altyd aan ’n kropduifie dink. Boonop is sy so kort dat Ella op elf al ’n kop langer as sy was.

“Wanneer gaan jy ophou groei, Elena?” vra ouma Tes. “Ek het gesien hoe kyk die jong man vir daai lang bene wat onder jou skoolrok uitsteek.”

“Ouma!” Ella trek ’n kwaai gesig.

“Hy is self nie te onaardig nie, hoor. Het julle darem ’n bietjie gesels in die kar op pad hierheen?”

“Oumie, hy werk vir Pappa. Dis al. Is hier iets lekers in die huis?”

Ella weet ouma Tes lééf om haar te bederf. Dit is die beste manier om haar gedagtes in ’n ander rigting te stuur.

“Waarvoor is jy lus, my kind? Gisteraand se roosmarynhoender is in die yskas. Jou pa het eers ná middernag hier aangekom en dadelik gaan slaap. Kan ek vir jou ’n lekker toebie daarmee maak? Ek het ’n hengse voorraad van jou brandsous gekoop. Dit sal goed werk saam met die hoender. En ek het vanoggend spesiaal vir jou lemon meringue gemaak. Wat sê jy?”

Haar ouma het reeds die yskasdeur oopgemaak en staan nou soos ’n wafferse verkoopsvrou haar nuutste produkte en bemark.

“Kyk, ek het van daai spesiale piekeluitjies gekoop waarvan jy so hou. En agurkies! Ek kan vir jou ’n suurbroodjie bou met kaas as jy nie lus is vir hoender nie. Daar’s gouda en cheddar en ...”

“Hoender is perfek, dankie, Oumie. Met ’n vet stuk lemon meringue vir poeding. Ek gaan gou ander klere aantrek.”

Toe Ella by die kombuis uitstap, hoor sy hoe ouma Tes saggies neurie. Sy glimlag. Min dinge maak haar ouma so gelukkig soos om ander mense te bederf.

In die enorme ingangsportaal staan al haar tasse en koshuisgoed nog net so. Oom Stanley neem altyd haar bagasie vir haar boontoe, maar sy was nie seker of dit deel van Thomas se pligte is nie. Buitendien wil sy nie

regtig hê die vreemde ou moet naby die heiligdom van haar kamer kom nie. Sy neem 'n paar persoonlike goed en hardloop met die trappe op na haar kamer.

Die vertrek voel ekstra groot nadat sy soveel weke in haar beknopte koshuiskamertjie deurgebring het. Haar kamer in Huis Gousblom het skaars genoeg spasie vir 'n enkelbed, 'n klein hangkas, 'n lessenaar en 'n stoel.

Ouma Tes het die skuifdeure na Ella se balkon vir haar oopgemaak sodat die kamer lug kan kry. Die gordyne bol liggies na binne danksy 'n ligte briesie uit die noorde. Tog ruik dit effens soos 'n plek waar daar té lank té min gebeur het.

Sy stap oor die Persiese tapyt, verby haar hemelbed met sy kappie van antieke kant. Verby die sofa wat sy in die wintervakansie laat stoffeer het. Sy het die lap – 'n ligte pistasiegroen met klein kersierooi polkakolle – in haar ma se ou trousseaukis ontdek. Sy weet dit kom uit die vyftigerjare, want op 'n foto van haar Italiaanse ouma waar sy in haar kombuis staan, is die kombuisgordyne van daardie einste materiaal.

Ella gaan staan op haar balkon en kyk oor die tuin uit na die Van der Spuy-landgoed se hoofhek, waar Thomas se duidelik verveelde figuur nog steeds vir sy pa wag.

Sy dink weer aan sy blougroen oë. Oë wat soveel meer sê as die woorde wat by sy mond uitkom. Waar sal haar pa aan die ou kom? En wat sou Thomas dink van die Van der Spuys se skaamtelose tentoonstelling van hul welvaart? Die sesmotor-garage. Die enorme

swembad. Die tennisbaan. Die park van 'n tuin. Hy dink seker sy is 'n tipiese bedorwe brokkie wat alles kry wat sy wil hê.

Net toe sy wil omdraai om terug te gaan na haar kamer, hou 'n rooi Toyotabakkie voor die hoofhek stil en Thomas klim by die passasiersitplek in. Dit lyk amper asof hy opkyk na waar sy op die balkon staan toe hulle wegry, maar sy is nie seker nie.